UITGAWE 35/2011

9 Oktober 2011

IEDERARK

Ds Willem Louw
(018) 294 8197
082 340 7549

Ds Okkie Cilliers
(018) 297 7926
083 262 6783

Ds Dorette Cilliers
(018) 297 7926
074 434 7093

Kerkkantoor
Tel (018) 294 8121
Faks (018) 294 3900
Webwerf http://www.ngkmiederpark.co.za
Epos kantoor@ngkmiederpark.co.za
Sendingkantoor sending@ngkmiederpark.co.za
Jeugkantoor jeug@ngkmiederpark.co.za

Wat gebeur DV die volgende week .....

Sondag	9 Oktober	Erediens Aanddiens	09:15 18:00
Maandag **Skole Open**	10 Oktober	Kairos	
Dinsdag	11 Oktober	FB Vergadering Malawi Stuursel en Ge-bedsbyeenkoms Kairos Ouderling vergadering	17:30 18:00 18:00
Woensdag	12 Oktober	Kairos	
Donderdag	13 Oktober	Vrouebybelstudie Kairos	10:00
Vrydag	14 Oktober		
Saterdag	15 Oktober	Mannebiduur Matriekontbyt	07:00 08:30

Inhoudsopgawe:

Sending Gebedsversoeke	2
Gebedsbediening	3
Glinster Grys	4

"Ek is bly oor U!
Ek juig oor wat U gedoen Het"

- PSALM 9:1

Sending Gebedsversoeke

HOSPITAAL SENDING

Chris en Petro

Bid asb vir:

Mariet Strydom wat vandag die Woord by Potch Hospitaal bring.

MALAWIE SENDING

(Pieter Loots)

Pieter is vandag (Sondag) op die bus na SA.

Bid asb :

Vir veilige rit.

Dat alles voorspoedig by die grensposte sal verloop.

Dat hy sal afskakel van al die probleme daar en genoegsame rus kry.

ANGOLA SENDING

(Freddie)

Feddie en Lesley gaan weer Seronga toe, waar Jerry hulle sal ontmoet

Hulle bied weer die Bof kursus aan vir 'n aantal studente.

Dankie:

Dat daar studente is wat belanstel om meer vd Woord te hoor.

Bid asb:

Vir 'n veilige rit vir almal.

KONGO VERITAS

(Ds Dawie)

Ons was die afgelope week weer in Kinshasa, die 3e grootste stad in Afrika (na Kairo en Lagos) met 'n geskatte 9 miljoen inwoners.

Hier is geweldige armoede en nood, maar ook 'n baie ryk elite wat glad nie omgee vir die nood op die grond nie. Ek het net weer onder die indruk gekom van die veranderende nood in die Sendingveld, en hoe noodsaaklik dit is dat daarby aangepas word. Ons is uitgenooi deur 'n kerkgroep wat 'n geweldige stryd het om kerke te oortuig hulle moet hulle roeping nakom en daadwerklik die nood op die grond aanspreek. Dis ongelooflik wat hulle doen met bitter min hulpbronne. Die mode van kerke in die algemeen is om strukture aan die gang te hou en seker te maak daar is 'n paar rykes in die gemeete, en dan verder die uiterlke skyn voor te hou dat dit 'n florerende kerk is. Daar word m.i. hopeloos te veel geld aan kerkgeboue spandeer en hopeloos te min aan programe om iets aan die nood van die land te doen.

Bid asb vir:

- die talle plaaslike kerke - dat hulle sal besef hulle het 'n geweldige rol om te speel om hierdie land reg te ruk;
- Dat die klem van gemaklike, passiewe kerke sal verskuif na 'n fokus op die nood van die mense om hulle;;
- die 24 potensiële leiers wat tans toegerus word - dat hulle hul opleiding sal gebruik om werklik 'n verskil in die land te maak;
- ons kerke in SA - dat ons 'n voorbeeld sal wees dat ons betrokke is by die nood van die mense om ons.

Gebedsbediening

Johannes 13:15

Ek het vir julle ‘n voorbeeld gestel, net so moet julle ook doen.

Gebedsaksies:

Gebed voor die erediens—ouderlinge, gemeentebestuur en selleiers word uitgenooi na die geleentheid voor die erediens om 09:00.

Gebed voor die aanddiens—enige lidmaat is welkom om 17:45 in die konsistorie bymekaar te kom om deel te wees van die gebedsgroep.

Gebed tydens die erediens—selgroep is verantwoordelik vir hierdie geleentheid.

Personeelgebed—dinsdae om 08:15 bid die kerk se personeel saam.

Dag van gebed:

Die volgende dag van gebed is 17 Oktober.

Gebedsgeleentheid:

Tydens Aardklop vanaf 4 tot 8 Oktober tusse 08:00 en 09:00 op die Aardklopterrein.

Gebedsketting:

Vir enige gebedsversoeke stuur ‘n kort sms na 082 460 5272.

Moet asseblief nie die nommer skakel of ‘reply’ na die sms’e nie, as u ‘n gebedsversoek via die sms gebedsketting ontvang, moet u asseblief nie op die sms nr terug reageer om meer inligting te soek oor die spesifieke saak nie. Hierdie nommer word slegs gebruik om die versoeke te hanteer.

Gebedsversoeke:

Bettie du Plessis
Danie van Niekerk
Jack Jansen van Rensburg
Susan Pienaar
Mariëtte Stahmer
Larumay
Ds Dorette
Ria Freund
Gemeentebestuur
Rhodes Schultz
Paula Pretorius
Daleen Venter
Rina Brooks
Lettie Swanepoel
Samantha Dippenaar

Dylan Berry (Iemand wat hom ken, moet asb vir Lettie kontak.)

Kontakbesonderhede:

Skakel Lettie van Rensburg 083 959 0020 indien jy wil inskakel by een van die bogenoemde gebedsgeleenthede.

GLINSTER GRYS (Senior Burger Bediening)

VIERINGS!

Veels geluk aan die volgende senior burgers wat in hierdie week hulle geboortedag herdenk:

9 Oktober:

Martie Steenkamp

12 Oktober:

Stoney Steenkamp

Martie Steenkamp

13 Oktober:

Klits Viljoen

14 Oktober:

Frikkie Oosthuizen

Mag die Here u in die nuwe lewensjaar omhein met Sy Barmhartigheid, kroon met Sy Vrede en seën met Sy intieme Teenwoordigheid.

Hospitaal opnames

Wanneer lidmate van die gemeente opgeneem word in Potch Medi Kliniek, moet hulle asseblief by opname duidelik meld dat hulle lidmate van die NG Kerk Miederpark is. Dit maak dit vir die leraars makliker om hulle tydens die weeklikse hospitaalbesoeke (Dinsdae en Donderdae) op te spoor.